



# Info Forum

## Nuusbrief van die Potchefstroomkampus-Biblioteke



### IN HIERDIE UITGAWE:

#### Bladsy

- 1 - 32 jaar se voorregte
- 2 - Onderhoud met Tom Larney
- 3 - Aftredende kollegas
- 3 - Spesiale versamelings
- 4 - Nuwe direkteur
- 5 - Eweknie-evaluering
- 6 - LibQUAL 2011
- 7 - Boloka top 10
- 7 - IUG-SA 2011
- 8 - Koffiekroeg
- 8 - Glasafskortings
- 8 - Skootrekenaars
- 8 - Bemerkingsmateriaal
- 9 - Nuwe databasis
- 9 - Virtuele toer
- 9 - Seminaarlokale
- 9 - Opleidingswebblad

### 32 JAAR SE VOORREGTE

Ek tree binnekort af na 32 jaar in die Ferdinand Postma-Biblioteek. Saam met die vier jaar wat ek dosent in Internasionale Politiek was, maak dit 36 jaar by die Puk, en saam met die vyf jaar voor dit by Militêre Inligting, gee dit 'n beroepsloopbaan van 41 jaar. Daarvan het ek die laaste twaalf jaar in die kantoor wat ek nou ontruim, deurgebring.

'n Mens kan lank besin en uitwei oor ontwikkelings in die universiteits- en inligtingswese, oor wat voorlê en oor uitdagings. Laat ek myself beperk tot 'n paar gedagtes oor die voorregte wat ek beleef het:

- Die 46 jaar wat ek met die Puk te doen gehad het as student en as personeellid, was 'n ongekwalifiseerde vreugde. Dit mag gemeenplasing klink om na die Universiteit te verwys as 'n tuiste, maar dis hoe dit is. Baie nuwe mense en baie nuwe dinge oor die jare (soos met die samesmelting en die totstandkoming van die NWU in 2004), het daaraan nie afgedoen nie, maar dit juis bevestig. Dit was nooit moeilik om lief te wees vir en lojaal te wees teenoor die Puk en my baie vriende hier nie.
- My jare in die Biblioteek was uitnemend bevestiging daarvan. Die bekwaamheid, professionaliteit en diensgerigtheid van 'n sterk onderling verbonde personeelkorps maak die Biblioteek wat dit is: 'n uitstaande voorbeeld in die geledere van akademiese biblioteke en 'n voorbeeld vir enige ondersteuningseenheid op enige plek. Met die positiewe gesindheid en stabiliteit van al die personeel en met die bekwaamheid en toegewydheid van die bestuurders van al die afdelings, sou 'n baksteen ook Direkteur Biblioteekdienste kon wees.
- Dit was my voorreg om feitlik van die begin af by die Biblioteek se rekenariseringspogings betrokke te wees en daaraan beslag te kon gee. Om al die dramatiese ontwikkelinge wat daarna gevolg het te beleef, was amper oorweldigend. En dis nog nie naastenby klaar nie. Daar lê nog ingrypende ontwikkelinge voor wat betref die gebruik



van inligtingstegnologie en die rol wat die Biblioteek te speel het, ook met sy ruimtes, in die ondersteuning van studente en navorsers. Die Puk is goed gerat daarvoor.

Die sake wat vermelding verdien, kan eindeloos vermenigvuldig. Ek gaan dankbaar en trots hier weg. Dat my opvolger, Elsa Esterhuizen, en almal wat haar ondersteun, in die jare wat voorlê wonderlike nuwe inisiatiewe gaan aanpak en afhandel, betwyfel ek nie vir 'n oomblik nie. Ek sien daarna uit om die veranderinge wat nog voorlê, te aanskou.

Ek groet u.

**Tom Larney**

## ONDERHOUD MET TOM LARNEY

### Vertel ons iets oor waar jy vandaan kom.

Ek is in 1946 op 'n Sondagaand (heel konsidererend) in die hospitaal op Ventersdorp gebore, twee jaar na Eugene Terreblanche. Ons het toe op 'n plasië noord van Makokskraal geboer, waar niemand kon oorleef en sy kinders laat leer nie. Daarom is my Pa in 1952 myn toe. In 1954 het ons Stilfontein toe getrek, waar ek tien jaar later matriek geskryf het. Tot vandag toe is ek trots op die ouers wat my en my maats daar grootgemaak het. Niemand moet voor my sleg praat van 'n myndorp nie.

### En toe is jy Puk toe?

Ja, in 1966. Natuurlik nadat ek eers in 1965 diensplig gedoen het, en toe 'n paar maande in die myn gewerk het om my eie studiegeld te verdien. Ek het in Over-de-Voor gebly, BA met Staatsleer en Ekonomie geswot, en baie tyd aan die studentelewe bestee: redakteur van beide Die Wapad en Die Besembos, twee jaar op die Studenteraad, en selfs in 1969 'n jaar op die huiskomitee van Drakenstein.

### Is dit waar jy ook vir Ment ontmoet het?

Die hoogtepunt van my studentelewe, ja. Sy kom van 'n plaas naby Settlers op die Springbokvlakte af, het op Nylstroom skoolgegaan, en in 1968 Puk toe gekom om Huishoudkunde te swot. In Karlien gebly. Ons is in 1972 getroud – nogal my vriend Neels Smit se eerste huweliksbevestiging.

### Waar het jy begin werk?

Ek het in 1971 by die destydse Afdeling Militêre Inligting begin, net omdat hulle vinniger as Buitelandse Sake was om my vir 'n onderhoud te nooi. Die hoogtepunt van die vyf jaar daar was toe ek en Ment in 1973 en 1974 agtien maande in Taiwan en Hong Kong gebly het om Sjinees te leer. Wat natuurlik sedertdien grootliks verroes het.

### Wanneer is jy toe terug Puk toe?

Aan die begin van 1976, as lektor in Internasionale Politiek, met sulke deurlugtige figure soos Theo Cloete, Niekie van der Berg en Theo Venter in die klas. Maar na vier jaar is ek aan die begin van 1980 Biblioteek toe. Hier was ek aanvanklik verantwoordelik, saam met baie bekwame kollegas, vir die Biblioteek se rekenariseringsprojekte. Totdat ek in 2000, ooreenkomstig die Peter Principle, direkteur geword het.

### Wat van stokperdjies en buitewerkse bedrywighede?

Ek het altyd te veel los belangstellings gehad om by een stokperdjie vas te steek. Buite die werk om was ek 30 jaar lank militêr bedrywig, sonder om groot heldedade te verrig; het byvoorbeeld nooit my voete in Angola gesit nie. Ek was tweede-in-bevel van die Puk Militêre Eenheid toe dié in 1995 ontbind is.

Was gevolglik nooit 'n groot ou vir kamp en die buitelewe nie. Maar ek het verlede jaar en vroeër hierdie jaar die Visrivier-canyon in Namibië gaan stap. Dis uit 'n ander wêreld. "See Naples and die."

En dan natuurlik die vasvrae. Dit was vet pret om oor jare aan goeters soos Kampioenvasvra, Klop die Kampioene en Flinkdink deel te neem. Uiteindelik het ek omtrent net soveel keer verloor as gewen. Maar die twee motorkarre was handig.



### Vertel ons van jou gesin.

Die kern van my lewe. Ment was by Verbruikerswetenskappe op die Puk en het twee jaar gelede as lektor afgetree. En dan ons vier dogters: Janette het op Stellenbosch geswot, maar is nou dosent by BWI hier op die Puk, Annemarie was apteker toe sy in 2002 dood is, Mentjie het soos haar ousus vir aktuaris geleer en werk in Sandton, en Elisabet is prokureursklerk in Rosebank nadat sy verlede jaar haar LLB hier en in Leiden voltooi het. En ons tweeling-kleinkinders hier op Potch.

Annemarie en Frederik van der Westhuizen. Hulle is vier en 'n half en soos almal se kleinkinders, die mooiste, slimste en oulikste.



**Jy het 'n doktorsgraad in Praktiese Teologie. Hoekom, en hoekom oor die gesin as geloofseenheid?**

Geen groot akademiese rede of noodsaak nie, hoor. Dit het meer te doen met die aandrang van George Lotter, my promotor, dat ek iets aanpak. En ek wou darem my pa Isak, wat al 94 is, die bevrediging gee om sy seun se doktorsgraad, waarvoor hy so lank gewag het, te sien. Die onderwerp? Miskien het dit iets te doen met die ondersteuning wat ons almal in 'n hegte gesin beleef het na Annemarie se dood in 'n motorongeluk in 2002.

**Wat gaan jy nou doen na aftrede?**

Allesbehalwe niks. Hopelik tolkwerk, vertaling, taalversorging en ander dinge wat mens se kop oop hou en nie 'n kantoor benodig nie. En nog baie dinge leer, waaronder Latyn en Tswana. Op 95 gaan ek op die stoep begin sit en selfvoldaan raak.

Ons het 'n plekkie op Bettysbaai. Net om vir myself te bewys ons is nou afgetree, gaan ons Januarie drie dae langer daar bly as gewoonlik. Maar aftrek soontoe? Nee. Daarvoor is dit te lekker om telkens vir die eerste keer weer die see te sien as mens soontoe ry.

Nie vreeslik reis nie. Ek en Ment maak plan om volgende jaar so drie weke Verre Ooste toe te gaan. "For old times' sake", soos hulle sê. En Holland in die somer wag ook nog.

En dalk meer kook. Ek kan 'n bouse lensiesop maak en 'n halfdosyn ander lekker goed. Maar op die koskanale van DSTV is daar daagliks nog goed wat my uitdaag.

## Nog personeel wat einde 2011 aftree

Dit is altyd hartseer om personeel te groet. Behalwe vir Dr Tom Larney tree Bessie Schoenfeld, Gerda van Rooyen en Suzette Coetzee ook aan die einde van 2011 uit die Biblioteek se diens. Wat die afskeid besonder moeilik maak is die aantal jare wat die 3 dames deel was van die Biblioteek. Altesaam 84 jaar, onderskeidelik is Gerda al 21, Bessie 39 en Suzette 24 jaar in diens van die Biblioteek. Ons wens hulle baie voorspoed toe vir die volgende fase van hulle lewens.



Bessie Schoenfeld



Gerda van Rooyen



Suzette Coetzee

## Spesiale versamelings

Die Ferdinand Postma-Biblioteek het 'n aansienlike versameling seldsame en waardevolle boeke, dokumente, manuskripte en ander materiaal oor die jare bekom. Van die materiaal is gedurende die jaar gekatalogiseer en via digitale databasisse beskikbaar gestel. 'n Voorbeeld van 2 van die nuwe elektroniese databasisse is die [Cloete Manuskripte](#) en die [Pierneefversameling](#).

Die Biblioteek bou ook databasisse op versoek van Departemente op die kampus wat dan die databasisse self onderhou. Sommige van die databasisse skakel na die volteks dokumente. Vir verdere inligting in verband hiermee kan die [Afdeling Inligtingsdienste](#) gekontak word by +28 (0)18 299 2803. 'n Lys van die spesiale versamelings kan op die [Biblioteek se webblad](#) verkry word.

## Ons nuwe direkteur: Elsa Esterhuizen

Aan alles kom 'n einde en so moes daar in 2011 geadverteer word vir 'n direkteur wat die leisels van 2012 kan oorneem by Tom Larney. 'n Nuwe tydvak word ingelui met die aanstelling van Elsa Esterhuizen as Direkteur Biblioteekdienste van die Potchefstroomkampus. Met haar aanstelling word sy die eerste vroulike direkteur in die geskiedenis van die biblioteekdienste op die Potchefstroomkampus. InfoForum wil haar graag hartlik verwelkom en voorspoed toewens in haar nuwe amp. In 'n onderhoud om haar beter te leer ken, het Elsa so geantwoord:

### Terug waar jy begin het, naamlik in Potchefstroom. Hoe het jou loopbaan se paadjie geloop ?

Ek is 'n gebore en getoë Potchefstromer – hier skoolgegaan, gestudeer, getroud en gewerk. Dit het 'n paar jare se skoolhou en werk in verskeie biblioteke – o.a. Ferdinand Postma en Potchefstroom Openbare Biblioteek - ingesluit, asook 'n bietjie lektorservaring by die destydse Potchefstroomse Tegniese Kollege (nou die Vuselela College). Daarna was ek vir amper 20 jaar verbonde aan die destydse Technikon Pretoria (later Tshwane University of Technology) se biblioteekdiens as inligtings- en opleidingsbibliotekaris. Op die ripe ouderdom van 58 jaar het ek 'n M.Ed (Opvoedkundige Tegnologie) verwerf en saam met die jeug van vandag gaan "graad vang". Dit was 'n hoogtepunt in my lewe, want toe het ek van vooraf besef dat 'n mens se leerkurwe nooit mag daal nie, en dat alle ondervindings boustene is vir jou geskiktheid vir die volgende ervaring. My terugkoms na al die jare Potchefstroom toe? 'n Vreemde dorp met 'n bekende naam - alles het so verander dat ek nie eers vir my man kon gaan wys waar ek grootgeword het nie. Al die huise in daardie straat is weg en moes plekmaak vir splinternuwe studentebehuising. Na 'n paar maande mis ons glad nie meer die stad nie, en is ons bederf met twee ure ekstra per dag wat ons kan gebruik om te lewe, in plaas daarvan om in die verkeer te sit.

### Is biblioteke besig om oorbodig te raak ?

Ek is oortuig daarvan dat biblioteke nooit sal verdwyn of oorbodig word nie. Die voorkoms en inhoud van biblioteke en die tegnologie waarmee dienste en inhoud aangebied word, mag verander, maar die noodsaak van biblioteke sal bly staan. Tegnologie kan nie al die funksies ondervang wat aan biblioteke toegeskryf word nie, en die menslike intervensie is van alle aspekte van biblioteke nog steeds hoogste op gebruikers se lys.

### Wat sou jy graag aan 'n jong mens, wat pas die beroepslewe betree het, wou oordra?

Verdien pret by die werk deur jou kant sover moontlik 100% te bring. Sonder om te pedanties te klink, is die belangrikste ding om te weet dat jy jou eie getuigskrif skryf. Al doen mens die eenvoudigste werk, is jou ywer en toewyding of passie die twee eienskappe wat jou sal laat vorder – maak jouself onmisbaar. Dink so daaraan: indien die werkgewer verplig word om personeelvermindering te laat plaasvind, moet sy gevoel wees "enige een behalwe sy/hy". My eerste kennismaking met die Ferdinand Postma-Biblioteek jare gelede was dat ek elke oggend vir drie maande lank dieselfde boekrakke moes gaan kontroleer het. Aanvanklik het ek gewonder hoekom, totdat ek voluit by die Uitleentoonbank gewerk het, en toe besef het hoe belangrik dit was dat ek moes weet hoe die klein dingetjies die groter dinge

maak werk. Ek dink ook dat hoe meer mens weet, hoe meer kan jy doen en hoe meer kan jy jou werkgewer bied. Kwalifikasies en deeglike ondervinding bied in jou 'n "competitive edge" en gee jou bedingingsmag rondom salaris en ander werksvoordele.

### Waarsonder dink jy kan jy nie oorleef nie ?

Geloof, mense, vrede, liefde, boeke – ag, al die dinge wat 'n mens se siel voed en rustig maak. O, en darem 'n bietjie water ook! Familie vorm 'n mens se vaste veiligheid, en gesondheid en goeie vriende is 'n kritiese belegging.

### Is daar 'n persoon of persone wat 'n besondere positiewe invloed op jou lewe gehad het? Wat het jy by die persoon/persone geleer ?

Dwarsdeur my lewe was ek gelukkig om baie mense te ken wie se invloed my help vorm het. Ek kom uit 'n familie wat hou van lag en skerts en waar ons kennis van en liefde vir mekaar ons op die grond gehou het. Ek dink ek was 'n redelike veeleisende (?) kind en my pa en ma het my met 'n pèrelsnoer vol wysede grootgemaak. Ek het eenkeer in my jongmenslewe voor 'n groot terugslag te staan gekom en hulle het 'n aanhaling van Helen Keller, wat doofstom en blind was, op my bed neergesit: "Character cannot be developed in ease and quiet. Only through experience of trial and suffering can the soul be strengthened, ambition inspired, and success achieved". Dit het my geleer dat daar grade van swaarkry en probleme is, en dat introspeksie en die opweeg van eie probleme teenoor andere s'n, perspektief en selfkennis bring wat jou in staat stel om so goed as wat jy kan, te wees.

### Wat sou jy graag verander aan die biblioteke op Potchefstroom of wat sou jy graag wou bereik in die jare wat jy as direkteur aangestel is?

Dis gewaagd om te voel dat 'n mens iets sou wou verander nog voordat 1 Januarie 2012 aangebreek het! Ek glo egter aan verandering slegs wanneer veranderings nodig is. Daar is heelwat langtermynbeplanning deur Tom en die bestuur gedoen waaraan ek kon deelneem, en ek sou graag wou dat dit, sover moontlik, realiseer in die volgende paar jaar. Dit maak die oorgangproses van een direkteur na 'n ander ook makliker. Wat ek wel baie graag sou wou bereik, is om die personeelkorps beter te leer ken, die ondersteuning wat hulle tans ervaar vir o.a. verdere studies so te hou, en dienste en omstandighede vir almal so ver moontlik so ideaal moontlik te maak. Ek sou baie graag 'n gemotiveerde span wou hê wat almal dieselfde doel najaag en sodoende die biblioteekdiens uit te lig as een van die bestes ter wêreld.

### Waarvan hou jy en waarvan nie?

Ek hou nie van vergaderings nie, al weet ek dis broodnodig vir ons werk! Ek hou nie van manteldraaiers en mense wat uit twee monde praat of met verskuilde agendas en negatiewiteit optree nie. Ek hou van gemaklike, oop en eerlike verhoudinge, met 'n goeie dosis humorsin. Mense wat op die aarde bly ondanks hoë prestasies of groot rykdom, dwing by my bewondering af. Ek admireer konsekwentheid, integriteit, en lojaliteit en kan 'n ver pad stap met iemand wat met passie werk.

- O ja, ek hou niks van slange en spinnekoppe nie, en is dol oor enige southappies!



## EWEKNIE-EVALUERING

In prof Van Schalkwyk se toespraak in Maart 2010 tydens sy inhuldiging as rektor van die Potchefstroomkampus, lê hy onder andere klem op die belang van kwaliteitsversekering vir die voortbestaan van die Universiteit. Sy mening dat kwaliteit die botoon behoort te voer in die visie van die Universiteit, en dat die nas-trewing van kwaliteit ingebed behoort te wees in die kultuur van die Universiteit, beklemtoon dat 'n proses soos eweknie-evaluering, waar kundiges uit dieselfde professie of veld as evalueerders optree, 'n bate en 'n noodsaaklikheid kan wees in enige organisasie.

Reeds teen die einde van 2010 is die Biblioteek in kennis gestel van 'n eweknie-evaluering in 2011, en die datum is bepaal vir 18 & 19 Oktober. Die Biblioteek het baie ondersteuning ontvang van die kwaliteitskantoor, en inligting en hulp was altyd beskikbaar. As gevolg van die feit dat kundige kollegas van ander universiteite uitgenooi sou word om die Biblioteek se uitvoering van sy kerntake te evalueer, aanbevelings te maak oor moontlike knelpunte en verbeterings voor te stel, het die Biblioteek opnuut gekyk het na sy beleide, sy dienslewering, en beplanning vir die nuwe geslag gebruikers en akademici. In die proses waartydens alles weer op datumbring is, is daar opnuut krities gekyk na wat ons doen en hoe dit gedoen word en dit opsigself het al waarde gehad.



Elke paneellid het reeds voor die evalueringssessie 'n lywige portefeulje ontvang waarin die Biblioteek se visie en missie, die beleide, 'n kwaliteitshandleiding, 'n selfevalueringdokument deur die personeel van die biblioteek voltooi waar die bib krities gekyk het na sterk en swakpunte, 'n jaarverslag van 2010 en 'n dokument met doelwitte vir die toekoms vervat was. Benewens die portefeulje is daar ook 'n uitstalling voorberei waarin die Biblioteek en sy werksaamhede voorgestel is sodat paneellede vinnig op hoogte kon kom van die omvang van die biblioteek se dienste. Dit was 'n volgepakte twee dae wat begin is deur 'n inligtingssessie vir die paneel, gevolg deur die verwelkoming en toeligting deur die Direkteur van die

Biblioteek. Daarna is daar onderhoude gevoer met lynbestuurders uit die universiteitsbestuur, akademiese personeel, nagraadse en voorgraadse studente asook lede van die biblioteekpersoneel. Daar is ook 'n besoek aan die takbiblioteke gebring en 'n "rondwys" sessie in die hoofbiblioteek is ook ingesluit in die program.

Die twee dae-lange besoek is afgesluit deurdat elke paneellid 'n geleentheid gekry het om aan die biblioteekpersoneel 'n kort opsomming te gee van sy belewenis van die Biblioteek en sy werksaamhede. Die paneel het ook hul dank uitgespreek vir die ontvangs en die gladdie verloop van die evalueringproses.

Die verslag van die paneel word tans verwerk en sal via die Kwaliteitskantoor aan die Biblioteek beskikbaar gestel word. Die Biblioteek het die proses as leersaam ervaar en sal die paneel se aanbevelings en bevindings bestuur en so verseker dat die Biblioteek ernstig verbind bly tot kwaliteit dienslewering.



Van links is mnr Robert Pearce (Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Direkteur: Biblioteek en Informasie), me Hannie Sander (Universiteit van Johannesburg, Uitvoerende Direkteur: Biblioteek en Informasiesentrum), dr Glenda Myers (WITS: Gesondheidswetenskap-biblioteek) en dr Judy Henning (Unisa, Uitvoerende Direkteur: Biblioteekdienste).



## Biblioteekdienste Potchefstroomkampus: LibQUAL 2011



Die Biblioteek van die Potchefstroomkampus het aan die begin van Mei 2011 weggespring op 'n vrolike noot met die bekendstelling van die Biblioteek se deelname aan die internasionale LibQUAL gebruikersopname.

Die maandlange aksie is ingelei deur die gebruik van kleurvolle ballonne buite en dwarsoor die Biblioteek, gepaardgaande met kleurvolle plakate om deelname aan die opname te promoveer. Die biblioteekpersoneel is tydens 'n vrolike teedrink-sessie ingelig en versoek om gebruikers aan te spoor om deel te neem. Die ideale tydperk om so 'n meningsopname te doen, is gedurende Mei, wanneer die meeste gebruikers al 'n geleentheid gehad het om die Biblioteek te leer ken.

LibQUAL 2011 was wyd gepropageer deur die uitstuur van e-posse aan alle gebruikers (sover moontlik) en kleurvolle web-animasie op die Biblioteek se tuisblad. Tien gelukkige deelnemers kon elk 'n aanloklike prys wen, en dit is tydens 'n spesiale geleentheid aan hulle oorhandig.






Wat is  ?










LibQUAL is 'n vraelys wat ontwikkel is deur die Association of Research Libraries. Dit meet die drie belangrikste dimensies vir biblioteke, naamlik dienslewering, die biblioteek as plek, en die versameling en toeganklikheid daarvan. Wêreldwyd maak biblioteke gebruik van die uitslae om afleidings, vertolkings en tendense rakende die stand van en verbeterings aan die diens te bepaal. In 2011 was die NWU se Potchefstroomkampus een van slegs twee Suid-Afrikaanse biblioteke wat hieraan deelgeneem het. Met inagneming van die deelname in 2005 en 2008 kon hierdie jaar se resultate doelmatig aangewend word om gebruikers-tendense waar te neem.

### Waarom doen ons dit?

Die Biblioteek streef daarna om sy dienste en produkte voortdurend aan te pas volgens die behoeftes van sy gebruikerskorps. Gereelde meningsopnames en meetinstrumente soos LibQUAL verseker die relevansie van die Biblioteek. Die Biblioteek se langtermyn-beplanning wentel rondom wat aan gebruikers gebied kan word om hulle akademiese prestasies tot die optimum te ondersteun en bevorder.

### Interessante feite rondom deelname ...

Valid Surveys by Branch:			
Branch	Valid	Percentage	Count
Hoofbiblioteek:	611	72.91 %	
Musiekbiblioteek:	25	2.98 %	
Natuurwetenskappe-Biblioteek:	118	14.08 %	
Opvoedingswetenskappe-Biblioteek:	53	6.32 %	
Teologiese Biblioteek:	31	3.70 %	
<b>Total:</b>	<b>838</b>		

Valid Surveys by Discipline:			
Discipline	Valid	Percentage	Count
Opvoedkunde:	73	8.70 %	
Ingenieurswese :	69	8.22 %	
Regsgeleerdheid:	67	7.99 %	
Ander:	32	3.81 %	
Lettere en Wysbegeerte:	142	16.92 %	
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe:	143	17.04 %	
Natuurwetenskappe:	119	14.18 %	
Gesondheidswetenskappe:	159	18.95 %	
Teologie:	35	4.17 %	
<b>Total:</b>	<b>839</b>		

## 'n Paar bevindinge ...

- Die Biblioteek se dienslewering het die verwagte vlak ver oortref, veral i.v.m. persoonlike aandag aan akademiese personeel en nagraadse studente.
- Deelnemers was uiters tevrede met die ligging en uitleg van die Biblioteek.
- Die fisiese fasiliteite soos die voorsiening van 'n area vir groepstudiewerk en seminaarkamers is baie hoog aangeslaan.
- Gebruikers het opgemerk dat die Biblioteek se tuisblad maklik is om te gebruik en dat die elektroniese bronne met gemak verkry kan word.

Die Biblioteekbestuur neem alle behoeftes en/of probleme van gebruikers baie ernstig op en onderneem om aandag te skenk aan sake soos die vermeerdering van stil areas in die Biblioteek, die moontlikheid van WiFi drukwerk, opdatering van sekere gedeeltes van die versameling met meer resente bronne, voorsiening van meer elektriese kragpunte vir skootrekenaars, beter beheer van geraasvlakke, en so meer.

Die Biblioteek het in beginsel besluit om in die toekoms voort te gaan met deelname aan LibQUAL. Vir die volledige amptelike verslag soos voorsien deur die LibQUAL organiseerders, asook terugvoer n.a.v. gebruikersversoeke en die Biblioteek se antwoorde, besoek die Biblioteek se webblad by [http://www.nwu.ac.za/af/library/libqual\\_potch\\_2011\\_a.html](http://www.nwu.ac.za/af/library/libqual_potch_2011_a.html)

Die Biblioteekbestuur bedank almal wat gehelp en deelgeneem het aan hierdie baie suksesvolle onderneming. Kommentare soos "You are a special team of angels" en "Ons bib is ongelooflik en die atmosfeer daar is uitstekend vir leer en werk. Ek gaan kruip gereeld daar weg (om te werk): wat dan volg is 'n ongekende toename in my produktiwiteit" bevestig dat ons die belangrike dinge op die regte manier en tyd doen!



## Boloka top 10

Die volgende proefskrifte en artikels is vanaf 1 Junie tot 31 Oktober 2011 die meeste afgelaai via Boloka, die Universiteit se [institusionele pakhuis](#).

- [An impact and cost-benefit analysis of some SAPS personnel capacity-building programmes](#) / by Alice May Blignaut (212 besoeke)
- [Onrus en geweld: 2008\(1\)](#) (146 besoeke)
- [Job insecurity, organisational commitment and job satisfaction of engineers in a parastatal](#) / by Mantombi Eldah Tshabalala (119 besoeke)
- [A model for the improvement of democratic school governance in South Africa : an education law perspective](#) / by Marius Hilgard Smit. (118 besoeke)
- [Die leesbaarheid van akademiese tekste : 'n tekslinguistiese ondersoek](#) / M. Pienaar (110 besoeke)
- [Artis bene moriendi, voorskrifte & tekeninge vir 'n goeie dood : Memorandum : 'n verhaal met skilderye](#) / Alwyn Petrus Roux (108 besoeke)
- [Die Carolina-kommando in die Tweede Vryheidstoorlog, 1899-1902](#) / deur F.J. Grobler (91 besoeke)
- [Om een skerpe oog in't zeil te houden : die geheime diens in die Zuid-Afrikaansche Republiek](#) / deur Hendrik Jacobus Gerhardus Kamffer (82 besoeke)
- [Die Cruywagens van Suid-Afrika : 'n genealogiese en kultuurhistoriese ondersoek, 1690-1806](#) / Willem Adriaan Cruywagen (64 besoeke)
- [Die geskiedenis van die Gatsrand vanaf die vestiging van die trekkerge-meenskap omstreeks 1839 tot die proklamering van Carletonville in 1948](#) / E. S. van Eeden (58 besoeke)

## IUG-SA 2011

Die Ferdinand Postma-Biblioteek het vanjaar vanaf 14-16 November 2011 die jaarlikse IUG-SA (Innovative Users Group – Southern Africa) konferensie aangebied op die Potchefstroomkampus. Die doel van hierdie samekoms was om deur die deel van idees die optimale gebruik van die Innovative Millenium Biblioteek-bestuurstelsel tussen lede-biblioteke te bevorder.



Die Konferensie is bygewoon deur om en by 140 afgevaardigdes vanoor die hele Suider-Afrika en tydens die konferensie is daar 31 voordragte gelewer.

## Interessante rakende die koffiekroeg

1. Die besigste dag in R - waarde 26 Julie 2011 - R10799.00
2. Die besigste dag in transaksies - 26 Oktober 2011 - 606 transaksies
3. Die gewildste gereg is Ham en Kaas tert (1192) met Bar one koek tweede (1072)
4. Filter koffie bekers (3592) en die wenner Cappuccino (3890)
5. Die verdeling tussen studentekaart en kontant waar 76,39% verkope op studente kaart was
6. Gemiddeld van 393 transaksies per dag
7. Ons ondersoek deurlopend die spyskaart en ons ruil tans gedagtes uit oor moontlikheid om "wraps" te bedien met gesonde vulsels soos Avo, feta, peppadew ens. Ons hersien jaarliks ons spyskaarte, en wees daarom verseker van 'n nuwe verrassing vir die nuwe jaar.

## Kragpunte vir skootrekenaars

Al hoe meer studente en personeel kom met hulle skootrekenaars Biblioteek toe. In die lig hiervan het die Biblioteek die afgelope jaar meer kragpunte beskikbaar gestel op die 2de vloer van die Ferdinand Postma-Biblioteek. Daar is onlangs ook 'n aantal hokkies op die eerste vloer aangebring waar studente op hulle skootrekenaars kan werk. Dit blyk baie gewild te wees.

Die verwagting is dat as gevolg van die nasionale inisiatief om skootrekenaars teen bekostigbare pryse aan studente beskikbaar te stel, die behoefte aan kragpunte gaan groei. Dit kan tot gevolg hê dat nog punte aangebring moet word.

## Glasafskortings

Na aanleiding van klagtes op die LibQual projek oor geraas in die Biblioteek het ons 'n oplossing probeer vind om ten minste sekere areas in die gebou stiller te kry.


Aluminium-afskortings met klankdigte glas is op die eerste- en derde vloer geïnstalleer, en maak 'n groot verskil aan die geraasvlakke. Die eerste- en derde vloere is nou ook geïdentifiseer as stil areas.



## Bemarkingsmateriaal

Kleurvolle brosjures is onlangs ontwikkel om die nuutste biblioteekdienste wat beskikbaar is vir die verskillende gebruikersgroepe te bemark:

- **Biblioteekdienste: Akademiese personeel en navorsers** fokus op dienste en bronne wat die biblioteek verskaf om navorsing, onderrig en leer te ondersteun.
- **Biblioteekdienste: Nagraadse Ondersteuning** is ontwikkel om te help voorsien in hierdie gebruikersgroep se unieke behoeftes. Fokus word geplaas op die inligtings- en navorsingsondersteuning wat vakbibliotekarys bied, en biblioteekdienste en inligtingsbronne wat beskikbaar is.
- **Biblioteekdienste: Voograadse oorlewingsgids** is as 'n kleurvolle brosjure ontwikkel vir voograadse studente. Volledige inligting rakende biblioteek- en inligtingsdienste wat beskikbaar is, word weergegee om junior studente te help om hul voete in die akademiese omgewing te vind.





## Nuwe databasis

Daar is onlangs ingeteken op [Nursing@Ovid](#) wat toegang verleen tot 'n omvattende versameling hoogaangeskrewe LWW (Lippincott Williams & Wilkins) e-tydskrifte. Hierdie portaal bied inligting relevant vir Verpleegkundepraktik, Verpleeg-opvoedkunde, -navorsing, -bestuur en -administrasie.

Daar is addisioneel ingeteken op 'n groot hoeveelheid verpleegkunde en gesondheidsverwante e-boeke, ook beskikbaar op die [Nursing@Ovid](#) platform.

## Virtuele toer

Onder leiding van Elsa Esterhuizen het VirtualAfrica onlangs 'n virtuele toer van die Ferdinand Postma-Biblioteek geskep. Die toer is geskep met die oog daarop om die Biblioteek meer sigbaar op kampus te maak. [Gaan kyk gerus na die toer op die Biblioteek se webblad.](#)



## Seminaarlokale

Die Biblioteek stel verskeie seminaarlokale beskikbaar vir groepswerk. Die lokale kan [aanlyn bespreek](#) word.



## Nuwe opleidingswebblad

Na aanleiding van die LibQUAL-opname het die behoefte onder studente vir meer opleiding rakende die gebruik van die onderskeie databasisse vorendag gekom. Op grond daarvan is die nuwe [opleidingswebblad](#) geskep. Let veral op die vakspesifieke gidse.

The collage features several key elements from the library's educational website:

- Calendar:** A 2012 calendar with a 'Besprek in sessie' (Discuss in session) and 'Evalueer die opleidingsessie' (Evaluate the training session) button.
- Chat:** A 'Chat with Tim' window.
- Search:** A 'SCOPIUS - Search' interface with a search bar and filters.
- Guide:** A cover for an 'Information retrieval guide for Biochemistry, Chemistry, Chemical Engineering and Pharmacy'.
- Library Logo:** The 'FERDINAND POSTMA biblioteek | library' logo.

Artikels saamgestel deur: Corrie Breitenbach, Henriëtte Groenewald, Hester Spoelstra, Elize van Eldik, Elsa Esterhuizen, Louise Vos, Louw Venter en Suzette Coetzee

Redakteur: Elize van Eldik · E-pos: [Elize.VanEldik@nwu.ac.za](mailto:Elize.VanEldik@nwu.ac.za) · Tel: 018 299 2812

InfoForum is op die web beskikbaar by [http://www.nwu.ac.za/af/library/newsletter/potch/index\\_a.html](http://www.nwu.ac.za/af/library/newsletter/potch/index_a.html)